## GROEPBESPREKING

- Deel met die groep ‘n tyd waar jy droogte of dood ervaar het en God vir jou voorsien het.
- Watter area in jou lewe is droog of dood en het jy God se voorsiening nodig? Deel dit met die groep.
- Lees Galasiërs 4:7 en Johannes 8:35 in verskillende vertaligs en memoriseer die skrifgedeeltes in jou gunsteling vertaling.

## PERSOONLIKE TOEPASSING

Watter aanpassings gaan jy in jou leefstyl maak en watter “reminders” gaan jy in jou lewe inbou om seker te maak dat jy konstant as ‘n seun van God volgens Sy Gees te leef en nie volgens jou eie krag en vermoë nie?

## GEBED

Maak tyd vir om as ‘n groep ‘n persoonlike gebed vir elkeen te doen. Bring droë en dooie situasies voor God en staan as ‘n groep in die geloof saam dat God lewe sal bring en sal voorsien.

# WEEK 8

## KONNEKSIE

Deel met die groep een of twee aspekte wat vir jou die meeste uitgestaan het in hierdie reeks.

## WOORD

Hierdie is die agtste en laaste week van die *Slaaf of Seun* en ons hoop dat hierdie reeks vir jou God se hart vir jou as ware seun van God, opbenbaar het.

God begeer dat ons Hom ‘Vader’ sal noem en as Sy seuns nooit weg te draai van Hom nie. Hy beloof vir ons ‘n lieflike land en lieflike besittings.

***Jeremia 3:19***
*Ek het gesê: Hoe graag wil Ek jou ‘n seun van My maak en aan jou ‘n lieflike land gee, ‘n besitting liefliker as enigiets wat enige nasie het. Ek het gesê: Noem my ‘Vader’ en moet noot weer van My af wegdraai nie.*

Ons het in hierdie reeks geleer dat ‘n ware seun van God iemand is wat leef en optree vanuit God se Gees en nie vanuit ons eie krag en vermoë nie.

***Galasiërs 3:3***
*Hoe kan julle so dwaas wees? Wil julle dit wat die Gees in julle begin het, nou uit eie krag probeer klaarmaak?*

**1. God se Gees voorsien in dorre toestande.**

***Eksodus 16:10-15***
*Nadat Aäron dit vir hulle gesê het, kyk die Israeliete na die woestyn se kant toe om, en toe word die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar in die wolk.*
*[11]Die Here sê toe vir Moses: [12]"Ek het die verset van die Israeliete opgemerk. Sê vir hulle: Teen skemeraand sal julle vleis eet en teen môreoggend sal julle oorgenoeg kos hê sodat julle kan besef dat Ek die Here julle God is." [13]Teen die aand se kant het daar kwartels aangevlieg (*sommige vertalings gebruik die woord 'aangewaai'*)gekom en hulle het die hele kamp vol gesit. Die volgende oggend was daar 'n wolk rondom die kamp, [14]en toe die wolk wegtrek, was die woestyn oortrek met fyn vlokkies soos ryp. [15]Toe die Israeliete dit sien, sê hulle vir mekaar: "Wat is dit dié?" want hulle het nie geweet wat dit is nie. Toe sê Moses vir hulle: "Dit is die **brood wat die Here** vir julle gee om te eet.*

'n Stortvloed van manna en kwartels in 'n woestyn is 'n ongewone gesig en tog was dit vir die Israeliete 'n werklikheid gewees. Die rede? God het op 'n ongewone wyse vir elkeen van hulle gesorg. God wil ook vir ons op ongewone wyses voorsien. Ons voorsiening hang nie van ander mense, ons salrisse of die ekonomie af nie. God is ons Bron, selfs in die dorste omstandighede – ons moet Hom net vetrou.

***Jeremia 17:3-8***
*Ek sal al julle rykdom en julle besittings aan die vyand gee om te roof. Dit is die prys wat julle sal betaal vir die sonde wat julle dwarsdeur die land gedoen het. [4]Julle oeste sal net so op die lande bly lê. Ek sal julle die slawe van julle vyande maak in 'n onbekende land, want my woede sal soos 'n vuur teen julle uitbreek wat aanhou brand." [5]Die Here sê:"Die ongeluk sal elkeen tref wat op mense vertrou,wat op 'n mens se krag reken en nie meer op My vertrou nie. [6]So iemand is soos 'n kaal struik in die droë veld wat nooit werklik goed groei nie.Hy groei net in die dorre woestyngrond in 'n verlate onvrugbare omgewing.* ***[7]Maar dit sal goed gaan met elkeen wat op My vertrou en sy verwagting op My stel.*** *[8]Hy is soos 'n boom wat by 'n stroom staan en sy wortels by die water het.Hy kry nie swaar in die hitte nie,sy blare bly groen. Vir hom is die droogte nie'n probleem nie,want hy hou aan om vrugte te dra.*

**2. God se Gees voorsien in dooie toestande.**

Lees Esegiël 37:1-14 saam.

***Esegiël 37:9-14***
*Toe sê die Here vir my: "**Praat nou as profeet met die gees, tree op as profeet, mens, sê vir die gees: So sê die Here my God: Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe."** 10Ek het as profeet opgetree soos die Here my beveel het, en toe kom die gees in hulle, en hulle lewe en gaan staan regop. Dit was 'n baie groot menigte. 11Die Here het vir my gesê: "Mens, al hierdie bene stel die hele Israel voor. **Hulle sê: 'Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons**.' 12Tree op as profeet, sê vir hulle: So sê die Here my God: Ek sal julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, en Ek sal julle terugbring na die land Israel toe. 13Wanneer Ek julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, sal julle besef dat Ek die Here is **14Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen," sê die Here.***

God wil jou as 'n profeet gebruik om te profeteer (met gesag te spreek) in dooie omstandighede. Daar is moontlik mense rondom jou wat in die middel van 'n klomp dooie bene sit. Daardie dooie bene kan finasies, 'n besigheid, huwelik of gesondheid wees. God wil jou gebruik om lewe te roep oor daardie omstandighede.

**3. God se Gees bring wonderwerkende voorsiening vandag.**

***Jeremia 51:15-16***
*Dit is die Here wat met sy krag die aarde gemaak het, wat met sy wysheid die wêreld gevestig het en met insig die hemel oopgesprei het. 16Wanneer Hy sy stem laat hoor, druis die water in die hemel; Hy laat die mis opstyg van die eindes van die aarde af, Hy laat die weerlig slaan wanneer dit reën, Hy laat die wind uit sy voorraadskure uitkom.*

Wanneer God Sy stem laat hoor, druis die water en slaan die weerlig. God is magtig en God is groot. Niks is vir God onmoontlik nie. Hy het die krag en vermoë om in die mees hopelose omstandighede vir jou 'n wonderwerk te doen.